

Ds. A. W. C. Bester
Vredendal Wes
1 Mei 1977

Onderwerp: In 'n tyd soos hierdie

Lees: Ester 3 verse 8 tot 11
Ester 4 verse 1 tot 17
Teks: Ester 4 vers 14
Sing: Psalm 68 vers 1
Gesang 75 vers 1

“Broers en Susters, die gevaar bestaan dat die mens van die twintigste eeu, selfs die gelowiges, só gekondisioneer kan raak deur die gees en omstandighede van sy tyd, dat die abnormale later as die normale aanvaar word.

“Ons leef vandag in sulke tye. Wie die teken van die tye dophou en reg diagnoseer, sal saamstem. Ondanks die voorspoed en vooruitgang van ons dag, beleef ons krisistye op haas elke terrein. Ons beleef 'n tyd van nood ondanks die voorspoed.

“Nie alleen word ons landsgrense en volksveiligheid van baie kante bedreig nie, maar ook die Christendom is onderhewe aan 'n vuurproef en vervolging. Kommunisme het byvoorbeeld gedurende die afgelope vyftig jaar baie vinniger gegroei as die Christendom in die laaste twee duisend jaar.

“Ester en haar volk het ook eenmaal sorgelyke tye beleef. Maar juis in die krisis-uur van haar en haar volk se voortbestaan, het God haar geroep tot koninklike waardigheid en aksie.

“Ons vind in ons teksvers twee gedagtes: 'n tyd van nood ondanks die voorspoed; en 'n tyd van onderworpenheid maar ook vir aksie.

“Dit beskryf 'n tyd van voorspoed vir Ahasvéros en die Persiese volk, maar ook vir Ester en baie van haar volksgenote. Ahasvéros was koning van die destydse wêreldryk. Hy het die septer geswaai oor 127 provinsies, wat elkeen staatkundig, ekonomies en maatskaplik onafhanklik, welvarend en voorspoedig was. Mag en majesteit, prag en praal was aan die orde van die dag.

“Ook met Ester en haar volk het dit hier in die vreemde voor die wind gegaan. Sy het koningin van die Persiese ryk geword alhoewel sy 'n weeskind en 'n balling was.

“Tog was daar meteens ook ’n tyd van nood vir Ahasvéros, Ester en die ballinge. Hoe ongelukkig was Ahasvéros nie toe sy lieflingsvrou, Vasti, geweier het om tydens ’n feesgeleentheid voor die koning en sy gaste te verskyn nie. Daarna is sy deur die wet van die Perse en Meders van die koning geskei.

“Maar ook die Joodse ballinge het skielik in doodsgevaar gekom. Die koning het op aandrang van Hamman ’n bevelskrif onderteken waarvolgens alle Jode op die dertiende van die twaalfde maand gedood moes word. Ook Ester sou, volgens dieselfde wet, haar koningskap, vryheid en lewe moes prysgee. Dit was inderdaad ’n tyd van nood ondanks die voorspoed.

“Broers en Susters, alhoewel Ester se tyd baie verskil van ons tyd, bestaan daar tog ooreenkomste. Ons beleef ook ’n tyd van voorspoed en vooruitgang op haas elke gebied. Soos die Joodse volk, het ook ons volk sy tye van ballingskap geken. Vandag kan ons egter terugkyk op die verwesenliking van ’n lang gekoesterde ideaal: die totstandkoming van ’n selfstandige nasie en ’n onafhanklike Suid-Afrika.

“Op kerklike godsdienstige gebied beleef ons ’n besondere tyd. Hoe baie is nie gedurende die afgelope drie honderd jaar bereik nie. Ons sendingaksie het etlike selfstandige kerke tot stand gebring. Daar was vordering op die gebied van Evangelisasie en die bearbeiding van die Jeug. Ons kerk is inderdaad op dreef. En tog is dit ’n tyd van nood.

“Wie die tekens van die tye reg lees, sal saamstem dat die Afrikanervolk en die Christendom hier in Suid-Afrika krisistye beleef soos nooit tevore nie. Ons word op internasionale gebied nie alleen geïsoleer nie, maar ook bedreig deur vyandiggesinde volke. Ons het nie net te doen met internasionale Kommunisme nie, maar ook die vyandskap van die Westerse wêreld. Ons worstel met ’n unieke probleem van intervolkere verhoudings waarvoor baie min buitelanders ’n begrip het. Geen wonder dat al meer druk op ons uitgeoefen word nie.

“Op sedelike gebied was dit nie net die Perse wat fuifpartye en ontklee danse gehou het nie. Baie van ons seuns en dogters het voor die afgod van sedelike en morele verval gebuig. Die abnormale het vir baie die normale geword. Die skokkende het die alledaagse geword; en die lelike die mooie. En so het baie van ons eie volk die prooi geword van ’n vreemde tydgees. Dink maar aan die hoë egskeidingsyfer, die euwels van dans, drank en jeugmusiek.

“Ook op geestelike gebied beleef ons ’n laagwatermerk. Alhoewel daar nog veel is om voor dankbaar te wees, is daar ook veel om oor bekommerd te wees. Ons is bekommerd oor die lae bywoningsyfer van die eredienste; en die wêreldwye aftakeling van die Christendom.

“Broers en Susters, ons grootste bedreiging is nie die wapengeweld van die Kommunisme of enige militêre mag nie. Ons grootste bedreiging is nie ’n stryd teen vlees en bloed nie, maar teen die subtiele mag van die duisternis. Dit is ’n mag wat so onopsigtelik ons moraal, ons sedes en ons Godsdienste ondergrawe.

“Moderne Hammans bedreig ons voortbestaan. Ons hoor elke dag die kreet van die Franse Revolusie: vryheid, gelykheid en broederskap; en die misplaaste aksent op eenheid. Grense moet opgehef word. Daar moet een kerk, een wêreld en geen volke meer wees nie. En agter dit alles gewaar ons die vors van die duisternis, die Antichris.

“Mag God ons oë open voordat dit te laat is.

“Toe Ester en haar volksgenote besef het in watter nood hulle hul bevind het, het dit vir hulle ’n tyd geword van verootmoediging en aksie. Sy het ’n boodskap aan Mórdegai gestuur om saam met die Jode in Susan vir drie dae lank, dag en nag, te vas en te bid. Sy het haar afhanklikheid van God besef. Sy het geweet dat daar maar net Een is wat kan red en dat dit die God van Israel was. Maar sy het ook geweet dat sonde ’n skeidsmuur tussen haar, haar volksgenote en God was. Daarom het sy en haar volk in geloofsvertroue hul toevlug tot God geneem. Hulle het in ootmoed en skuldbelydenis voor God gaan staan.

“Die sterfuur van haar volk was reeds bepaal en daar was geen tyd om te verspil nie. Sy het onmiddelik opgetree. Sy het Mórdegai verwittig dat sy sonder vertraging na die koning sou gaan, al was dit teen die wet. Haar onverbiddelike besluit was: ‘... so sal ek na die koning ingaan, wat nie volgens wet is nie, en as ek omkom, dan kom ek om.’ (Ester 4:16) Ons weet dat God haar verhoor het en hoe sy en haar volk uiteindelik gespaar is.

“Broers en Susters, ons tyd roep ons ook tot verootmoediging voor God. Ons moet net soos Nehemia in erkenning van ons sonde uitroep: ‘Ag, HERE, God van die hemel, grote en gedugte God, wat die verbond en die goedertierenheid hou vir die wat U liefhet en u geboorte onderhou - laat u oor tog opmerkzaam en u oë oop wees, om te luister na die

gebed van u kneg wat ek vandag voor u aangesig bid, dag en nag, vir die kinders van Israel, u knegte, terwyl ek die sondes van die kinders van Israel bely wat ons teen U gedoen het; ook ek en my familie het gesondig'. (Neh 1:5,6)

“Ons moet saam met Ester terugkeer tot gebed en vas. Ons moet onthou dat God alleen kan red. God is in staat om alles heel te maak, hoe onmoontlik dit ookal mag lyk. God is gewillig om te heel, as ons Hom maar net wil toelaat. God is die enigste wat kan heel en in die proses maak hy van mensehande gebruik.

“Al is ons in die minderheid, het ons niks om oor bevrees te wees nie. Gideon en sy drie honderd helde was vir God genoeg om die oorwinning te verseker. God roep ons in hierdie dae tot koninklike waardigheid.

“In die koninkryk van God is daar net een dag waarop diens gelewer kan word en dit is vandag: ‘Kind, gaan werk vandag in my wingerd.’ (Matt 21:28) Dit is nou die tyd vir aksie. Daar is nie tyd vir uitstel nie. Ons moet met ootmoed en skuldbelydenis die toevlug na God neem en die hand aan die ploeg slaan voordat die duisternis ons oorweldig.

“Broers en Susters, ons moet die tyd uitkoop want dit is min en die dae is boos.

“Mag God ons bewaar.

“Amen.”